# PERSOONLIKE REFLEKSIE

Hierdie projek was 'n besonderse leerervaring vir my . Die leerders het beslis gegroei en dit was goed om te sien hoe hulle die projek geniet het. Daar was nie seuns betrokke nie omdat hulle nie aan die vereistes voldoen het wa ek gestel het nie soos om te presteer en altyd jou beste te gee nie. Die dogters wat deel was van die projek het goed presteer en het werklik belang gestel om deel te neem. Ek sal beslis baie meer moet insit om die seuns van ons gemeenskap betrokke te kry by akademiese aktiwiteite.

My lewe is beslis verryk deur die stories van die onbekende helde en dit sal my altyd bybly. Ek is dankbaar vir die organiseerders wat hierdie geleentheid moontlik gemaak het.

Geskiedenis is 'n leerarea wat soveel te bied het en dit is 'n eer om daarby betrokke te wees. Ek kon sien en ervaar hoe die leerders hulle geskiedenis ondersoeke doen en daarop reflekteer. Die leerders sal kan ingeligte besluite en keuses maak wat gebasseer is op hulle ervarings wat hulle tydens die projek kon deur maak.

Na hierdie projek sal ek meer leerders betrokke kry by mondelinge geskiedenis sodat ons erfenis beskerm en bewaar kan word. Die leerders sal ook betrokke raak by 'n foto navorsingsprojek wat veral sal fokus op die skool en dorp se sport en kultuur erfenis.

Die opstelle wat die leerders geskryf het oor die helde sal in die vorm van begripstoetse deelgemaak word van die kurrikulum en meer leerders van verskillende skole sal kan deel het in die mondelinge geskiedenis ervaringe.

Met dank.

Dewey Fredericks
Esselenpark Senior Sekonder,Worcester, Wes-Kaap, Suid-Afrika

south african history archive SAHA